# WAARDEVERMINDERING MET OUDERDOM

*deur Stephan Joubert (E-Kerk)*

Waardevermindering is 'n probleem wat die meeste artikels in ons huise tref. Die een of ander tyd neem alle aardse besittings se waarde af, soms soveel so dat dit totaal waardeloos word. Vat maar iets soos 'n nuwe motor. Skaars het jy daarmee uit die handelaar se vertoonlokaal gery, of dis duisende rande minder werd! **Nog meer hartseer is dat ons as mense ook slagoffers is van waardevermindering. Hoe ouer ons word, hoe minder verbuikerswaarde het ons vir die samelewing rondom ons, en ook vir ander.**

**Gelukkig is dieselfde verskynsel van waardevermindering nooit waar voor God nie.** In die Bybel lees ek dat die teenoorgestelde juis met ons gebeur. Paulus vertel naamlik in **2 Korintiërs 4:16** dat al vergaan ons liggame uiterlik, nogtans word ons innerlik van dag tot dag vernuwe.

**Ons wat in Christus glo, is dus in 'n opwaartse groei-kurwe.** Omdat ons God besig is met 'n waardevermeerderings-oefening in ons, neem ons waarde en kwaliteit gedurig toe. **Dag vir dag, namate ons ouer word, groei ons daadwerklik in wysheid en geestelike kennis t.o.v ons verhouding met die Here.**

**Bowenal kom ons al hoe nader aan ons wonderlike eindbestemmin**g. Daarom dat ons vandag, môre en elke ander dag met blydskap kan en moet leef, ook al haal daardie pyne en skete van die ouderdom ons soms in.

Ja, selfs al voel ons eensaam en verstote,dan is **ons nogtans kosbaar in die hande van God**. Ons kosbaarheid neem by die dag voor Hom toe. **Waardevermeerdering is ons nuwe wagwoord, nie agteruitgang nie.**

Onthou altyd: **ouer word is tegelyk kosbaarder word** in die oë van die Here!

**Ek bid**

Heilige Heer, U alleen bepaal die waarde van dinge
In U oë is U kinders se lewens uiters kosbaar
U plaas die ewigheid nou reeds in ons harte
So kosbaar is ons vir U dat U u Kind in ons plek laat sterf het
U reken ons weinig minder in waarde as die engele om u troon
Daarom dat ons in verwondering voor U staan
Aan U kom toe al die lof en aanbidding
Tot in ewigheid

**Amen**

*Ds Leon Tait*



Maandblad NG Rietfontein-Suid
Die Rietfluit
2010 Christus Eerste!
OKTOBER 2010

## *Stres-skokbrekers*



Almal het stres! Die vraag is net wat doen ons met ons stres? Ontken, onderdruk, ontvlug of gee ons onsself oor daaraan? Gelukkig is daar ook 'n ander uitweg!

God gee vir ons stres-skokbrekers! Soos 'n motor moeilik sonder skokbrekers kan padhou, kan 'n mens sonder stres-skokbrekers ook moeilik die stres van die lewe absorbeer en hanteer.

Stres het alles te doen met ons verwagtinge nl. Ons verwagting van God, mense, die lewe en onsself. Die skokbrekers wat ons die beste help om stres te hanteer en ons verwagtinge suiwer, is skokbrekers van aanvaarding.

Kom ons kyk na vier stres-skokbrekers van aanvaarding:

1. Aanvaar wie God is: Ons hoef nie alles altyd onder beheer te hê nie. Ons kan nie altyd alles vir almal wees nie en ons kan nie altyd alles regmaak nie. Ons is nie God nie. Iemand het gesê om hom te help om dit te onthou is daar 'n leuse in sy studeerkamer opgeplak: *Daar is 'n God en dit is nie ek nie!* Die Psalmdigter het dit verwoord in Psalm 46:11 *Bedaar en erken dat Ek God is*. Jy kan maar ontspan, want God is in beheer.

2. Aanvaar die lewe:· Geniet die lewe soos jy dit elke dag ontvang uit die hand van die Heer. Sê ja vir die lewe soos jy dit elke dag kry (nie soos jy wens dit moes wees nie). Die Prediker gee waardevolle inligting wanneer hy sê: *Ek het tot die insig gekom dat daar vir 'n mens niks beter is nie as om vrolik te wees en die goeie van die lewe te geniet.* [13]*Dat die mens kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet, ook dit is 'n gawe van God* (Prediker 3:12,13). Wees tevrede en geniet die lewe soos God dit gee.

3. Aanvaar ander mense: Maak soos Jesus gedoen het. Hy het alle mense aanvaar, selfs diè waarvoor ander hulle neuse opgetrek het. Jesus het nie tè hoë verwagtinge gehad van mense nie (Joh. 2:24,25). Jesus het geweet mense is feilbaar en sondig. Daarom het HY nie te veel van hulle verwag nie. Tóg het Hy Sy kinders beveel om alle ander mense te respekteer, want dit was vir Hom uiters belangrik. ***Wees goedgesind teenoor alle mense en aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God*** (Rom 12:10,17b; 15:7) Moenie dat ander mense jou geluk en vreugde bepaal of steel nie.

4. Aanvaar jouself: Die Liefdesgebod sê: Jy moet God liefhê...en jou naaste *soos jouself (Mat 22:39)*. Wie nie van homself hou nie, kan ook nie ander mense liefhê nie, want hy/sy sal die heeltyd ongelukkig voel met homself en bedreig voel. Dit beteken aanvaar jouself, ook jou onvolmaaktheid en swakhede. Ons is *onvolmaak maar in God se oë aanvaarbaar!* Maak vrede met wie jy is en *nie* met wie jy graag sou wou wees nie. Wees net jouself, maar onthou dat jou beste self is jy net deur Christus. · Word al meer *wie jy reeds in Christus gemaak is as nuwe mens (Ef. 4:4:23,24).*

*Gebruik jou Godgegewe skokbrekers op jou lewenspad vol stres!*

*Ds Leon van Heerden*

**IN HIERDIE UITGAWE:**

| | |
|---|---|
| Taakspan vir Seniors | 3 |
| In gesprek met ... Simon Masonganye | 11 |
| Het jy 'n vrieskas vir 'n hart | 12 |

# !! ONTHOU DATUMS !!

- **4 Okt:** Skole open
- **10 Okt:** Nagmaalsdiens @ 18:30
- **17 Okt:** Gemeente-tee
- **24 Okt:** Gesamentlike Kinderdiens

**Sien jou daar!**




**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struike. Kontak Ernst by 083 656 4992

**LANDSKAPEERDER:** gee tuinadvies. Tuindienste beskikbaar. Skakel Arné 076 030 5222

**GOLDEN PRODUKTE**: teen **KOSPRYS**. Skakel Chris Cloete by (012)331-1165 of 082 822 7416

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied (weg te gee), kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Skakel 083 235 0236

## MUFFINS

Bacon & Kaas @ R36 p/dosyn
Chock & Chock Chip @ R30 p/dosyn
Wit met Rosyne @ R30 p/dosyn
Nutty wheat & Rosyne @ R36 p/dosyn
Wit met Chock Chip @ R36 p/dosyn

**Ideaal vir vergaderings, verjaarsdae, funksies en enige ander geleenthede!**

**Bestellings: Skakel Anne-Marié van Zyl by 072 238 8932**

## Value Odds & Ends Construction

Spesialiseer in:

Plaveisel (niks te groot of te klein) / Teëlwerk / Algemene Bouwerk / Opknapping / Verbeterings / Verfwerk / Loodgieterswerk / Elektriese werk / Veiligheidsheinings & Hekke / Staalwerk / Afdakke

**BETROUBAARHEID & KWALITEIT GEWAARBORG!!**

Tel: (012)335-4949
Faks: (012)335-1169

Voortrekkersweg 899, Wonderboom-Suid

**Simon 083 686 5676**



## In gesprek met .....Simon Masonganye

Nie almal van ons is in die gelukkige posisie dat ons stokperdjie en beroep grootliks oorvleuel nie. Dit is egter die geval met Simon.

Simon is op 25 November 1976 op Moeku Village naby Mabopane gebore. Hy het daar opgegroei en het aan die High Itoteng Commercial School gematrikuleer. Na matriek het hy op 'n deeltydse basis by 'n welbekende in ons gemeente, Herrie Kleynhans, as tuinier gewerk voordat hy op 1 Augustus 2004 voltyds in diens van die Gemeente getree het.

Simon is met Moa getroud en hulle het een dogter, Matlakula wat ses jaar oud is. Sy woning is nog steeds naby Mabopane en hy pendel daagliks per bus of trein vanaf sy huis na die Kerk toe en terug.

Hy is onder andere as tuinier verantwoordelik vir die instandhouding van die kerkterrein. Dit is 'n taak wat hy beslis met onderskeiding hanteer. 'n Duidelikbe bewys hiervan is die pragtige tuin en grasperke op die kerkterrein. Verder is hy ook verantwoordelik om te alle tye te sorg dat die Saal gereed is vir die kategese en vir enige ander geleenthede waarvoor die Saal gebruik mag word.

Praat jy met die ander personeel, sal hulle sonder om te skroom vir jou sê dat Simon altyd vriendelik, hulpvaardig en betroubaar is.

Simon se gunsteling ete bestaan uit pap en enige tipe vleis. Hy is baie lief vir sokker. Plaaslik ondersteun hy Kaizer Chiefs en sy gunsteling internasionale span is Manchester United. Hy sal per geleentheid ook na rugby kyk. Sportsoorte soos byvoorbeeld boks en stoei staan hom glad nie aan nie. In sy vrye tyd sal Simon televisie kyk, sosiaal sokker speel of in sy eie tuin werkskaf.



Dit is beslis 'n aanwins vir ons Gemeente om iemand met sulke vlytige groen vingers in diens te hê.

c'nanru
eiendomme

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemark om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aansoeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies



Naómi

082-804-1200 012-331-0015



Akriel Naels

Sorette Carstens

Pryse

Volstel naels: R250,00

Opvul van naels: R140,00

Gel op toonnaels: R120,00

Kontakbesonderhede:

072-172-0145





DVD'S & CD'S

**Wapenrusting Reeks**:

8-stuk dvd-stel @ R280

8-stuk cd-stel @ R120

**Alle eredienste**: is ook beskikbaar @ R40 per DVD & R20 per CD

Bestel by **MI toonbank** of skakel Suzette by 082 817 5604




# TAAKSPAN VIR SENIORS



Die Taakspan vir die bediening van Senior Lidmate wil graag aan die liggaamlike, geestelike en sosiale behoeftes van bykans 300 senior lidmate van die Gemeente voorsien.

Dit kan 'n Taakspan met 'n handjievol, hoofsaaklik self senior lidmate, begryplik nie doen nie. Om hieraan suksesvol te voldoen moet die hele gemeente betrek word, naamlik alle ouderdomsgroepe in alle bestaande bewegings, van ampsdraers tot omgeegroepe.

Oumense wil sien dat die jeug ook vir hulle omgee. Elkeen in die gemeente moet 'n bydrae maak met hul toepaslike begaafdhede. As elkeen van die jonger garde byvoorbeeld net een Senior Lidmaat onder sy/haar sorg neem, kan die senior lidmate weer tuis voel in die groot familie.



'n Beroep word dus gedoen op elke gesonde lidmaat, belydend- of dooplidmaat, om hulle hiertoe te verbind en met die Taakspan vir Seniors daaroor in verbinding te tree.

Met volle vertroue op 'n positiewe reaksie!

*Piet Barnard*

Tel: 012 331 0765

# LIEF & LEED

NG RIETFONTEIN-SUID

Die volgende jongmense het in Mei Belydenis van geloof afgelê:

- Rochelle Jansen
- Christian Niemand
- Armand Nieuwenhuis
- Shelainé Blake



Baie geluk, mag julle elke dag God se liefde en beskerming ervaar.

Die volgende jongmense het in Augustus Belydenis van geloof afgelê:

- Claudette Barnard
- Tiaan Kruger
- Zandria Labuschagne
- Tommie Meiring
- Lohan Moolman
- J.J. Nel
- Elize Pelser
- Martin Roodt
- Jarred Smit (Doop en Belydenis)
- Annemieke van Wyk
- Wynand van Zyl
- Ryno Verster

Liezel Nieuwenhuis was in 'n motorongeluk en het haar regterhand gebreek. Dus is daar nie 'n Taakspan vir Omgeegroepe atikel geplaas vir Oktober maand nie. Mag jy vinnig aansterk en ons sien almal uit na volgende maand se artikel.



# GOD SE ALMAG:

Ons moet besef dat God elkeen van die 6.5 miljard mense self geskep het in die moederskoot (Psalm 139). 'n Professor wat navorsing doen in die genetika en chromosome beweer dat die DNA-verbinding binne 48 uur na bevrugting voltooi is. Dan is ALLES vasgestel: geslag, haar– en oogkleur, lente (nie breedte nie - dit eet ons so), ensovoorts. Daarby moet ons onthou dat die Almag van gGd sodanig is dat Hy terselfdertyd Sy volle aandag aan al 6,5 biljoen mense kan gee.



Weet ons hoeveel is 6,5 miljard? Neem 'n liniaal en kyk hoe lank een millimeter is. As jy een meter se millimeters trek, het jy 'n 1000, en een kilometer se strepies is 'n miljoen. As ons nou strepies 'n millimeter uit mekaar trek, en ons wil 6,5 miljard trek, gaan ons die volgende roete moet volg:

Ons begin by Kaapstad, en trek millimeterstrepies op die N2 na Port Elizabeth, waarna ons vertrek na Umtata. Daarvandaan gaan ons na die hoofstad van KZN (Pietermaritzburg) en oor Durban na Richardsbaai (en onthou om nog steeds die strepies een millimeter uit mekaar te trek!)

Daarvandaan oor Pongola na die hoofstad van Swaziland, waarna ons na Maputo, hoofstad van Mosambiek reis. Ons trek strepies na Komatipoort en Nelspruit, van Mpumalanga. Daarna kies ons koers na Polokwane, hoofstad van Limpopo. Nou reis ons na Harare, hoofstad van Zimbabwe. Ons draai suid en ry oor Bulawayo na Francistown in Botswana en doen die hoofstad Gaborone aan. Daarvandaan na die hoofstad van Noordwes (Mafikeng), Noordkaap (Kimberley) via Kuruman. Dan na die hoofstad van die Vrystaat (Bloemfontein) en ook Maseru, hoofstad van Lesotho (trek u nog millimeterstrepies?). As ons nou stop in Pretoria, hoofstad van Gauteng, en elke millimeter is afgemerk, het ons een strepie vir elke mens op aarde.

Sou ons 'n strepie per sekonde trek, en vir elke minuut wat ons trek, een minuut rus (slaap en eet), sal dit ons oor die 400 jaar neem on die takie te voltooi.

As ons nog wonder oor die Almag van God, moet dit net verwondering wees!

## GOD SAL ONS VAN GEBOORTE TOT IN ONS GRYSHEID DRA

Jesaja 46:3, 4 *Luister na My, nageslag van Jakob, almal wat oor is uit die nageslag van Israel, julle vir wie Ek gedra het van julle geboorte af, wat Ek vasgehou het van-dat julle daar is. Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here, tot in julle grysheid sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak en Ek sal julle vashou, julle dra en julle red.*

Dit is so gerusstellend om te weet dat God jou dwarsdeur jou lewe dra. Hy het jou gemaak en Hy sal jou versorg, maak nie saak hoe jonk of oud jy is nie. Dit maak nie saak wat gebeur nie, God het hom daartoe verbind om van die begin van jou lewe tot die einde na jou om te sien - en daarna. Hy het selfs die ewigheid vir jou daarby in-gesluit!

God gaan jou deur jou lewensreis dra. Onthou dat Hy jou met 'n ewige liefde liefhet. Daar is niks wat jy kan doen wat sal verhoed dat hy jou liefhet en jou versorg nie.

U liefde, Here, is iets om oor te jubel.
Ek loof U dat niks wat ek doen,
Kan verhoed dat u my sal versorg en
Deur my lewensreis sal dra nie.
Ek dank U dat U my Verlosser is.

*Dodie Osteen*

### Mini-mark

Privaat en eksklusief met lekker atmosfeer! Bring 'n vriendin en gooi jul name in 'n hoed om 'n silwer ketting te wen. Eet-en drinkgoed beskikbaar!

Sterling Silver juwele (92.5)
Klere
Tuisgebak
Gesondheidskoene
(Soleflex)
Sport & custom made bra's
Skilderye
Geskenke en vele meer
Vanda Cosmetics



Datum: 8 & 9 Oktober 2010
Tyd: 9h00 – 17h00
Plek: 17de Laan 484
(tussen Frederika & Michael Brinkstraat)
Kontak: Elsie by 083 456 3605

***Jy het God so lief soos die persoon wat jy die minste liefhet***

*Kerkvader*





# Gebedsake

**OKTOBER 2010**

- Bid vir Senior lidmate en hul behoeftes
- Bid vir Moot Care - Jakob se put, Brood vir Nood, ens.
- Bid vir die Leraars, Bedieningsleiers en Taakspanleiers
- Bid vir ons gesinne - vir die verhoudings van gesinslede met mekaar
- Bid vir ons jongmense in die Kategese en die Be-lydenis groep van 2010
- Bid dat ons lidmate as ware rentmeesters sal optree
- Bid vir siekes, depressielyers, gestremdes en hulle versorgers
- Bid vir suiwer Woordverkondiging oor die wêreld



# Die Bybel

**OKTOBER 2010**

***Hulp uit die Bybel vir u persoonlike lewe:***

- Angstig - Psalm 46 en Jakobus 5:7-11
- Bang - Jesaja 43:1-5 en Markus 4:35-41
- Bedroef - 2 Kor 4:16-5:5 en Joh 14
- Behoefte aan bemoediging - Rom 15:1-6 en Heb 12:1-3
- Behoefte aan leiding - Psalm 32:8-10 en Spreuke 3
- Behoefte aan sekerheid - Jes 41:1-20 en 1 Joh 3:1-3
- Behoefte aan vergifnis - Psalm 51 en 1 Joh 1:8-2:2
- Behoefte aan vrede - Jes 26:1-9 en Fil 4:4-9
- Bekommerd - Matt 6:25-34 en 2 Kor 4:7-15
- Dankbaar - Psalm 136 en Luk 17:11-19
- Depressie - Psalm 37:1-9 en Rom 8:28-39

# DIE WESE VAN DIE EWIGE LEWE (Joh 17:3)

*Soos geskryf deur Nico van der Walt*

## WAT IS DIE KENNIS VAN GOD?

By wyse van afsluiting wil ek net 'n enkele oproep tot julle rig: *Gaan besin lank en diep en eerlik oor dit wat ons in die vorige uitgawes behandel het!*

Veral moet jy jouself afvra of jy gebalanseerd en Bybels-verantwoordelik met die Here wandel. Is al drie die elemente van wat dit beteken om God te ken dus teenwoordig in jou lewe? En het jy werklik 'n persoonlike verhouding met die Here? Sit Sy vingerafdrukke dus op jou elke dag se bestaan? Is Hy by **jou** betrokke. Sien jy dit raak? En leef jy 'n lewe van geloofsvertroue, liefdestoewyding en beginselvaste, kompromielose gehoorsaamheid aan Hom? Is jy aan **Hom** toegewy?

Waarom is hierdie sulke belangrike vrae? *As jy 'n vreemdeling daarvoor is, glo ek dat ek met Bybelse mandaat vir jou kan sê dat jy heel waarskynlik nog nie die ewige lewe het nie!*

Moenie maar klakkeloos aanvoor dat jy nog altyd 'n goeie kerkmens en gelowige was nie. Want talle van ons kom uit agtergronde waar bedenklike skeeftrekkings oor hierdie saak aan die order van die dag was - of dit nou 'n eensydige beklemtoning van die bloot verstandelike was, en of dit 'n emosionalistiese oorreaksie daarteen was.

Nee! Nee! Toets jouself of jy met die ware Jakob besig is (2Kor 13:5). Want die Skrif waarsku ons oor en oor teen verkeerde leringe, teen selfmisleiding en teen 'n verwagting oor die ewige saligheid wat tervergeefs mag blyk te wees.

En as jy die toets dop? Dan kom jy in nederige verootmoediging na Hom toe en pleit om Sy genade - totdat Hy jou verhoor. Hy belowe om diesulkes aan te neem en vir hulle te gee wat nodig is.



*Mag die Here een en elkeen van ons begenadig met 'n nugtere, volwasse, voete-op-die-grond en Geesverligte self-beoordeling!*



## Mooiste Wiskunde som:

Maal jou Vriende.
Deel jou Smarte.
Trek jou Verlede af!
Tel God se Liefde by.

Som se **Antwoord**???

**GENADE - ONBESKRYFLIK GROOT!!!!**

***ELITE RESTOURASIE & INSTANDHOUDING***




- ALGEMENE VERFWERK:

Binne en buite mure, plaveisel, dakke ens.

- WATERDIGTING:

Dakke, mure en afdakke.

- LOODGIETERSWERK:

Instalasie van stortbaddens, baddens, wasbakke en toilette.

- BOUWERK:

Tëelwerk en algemene bouwerk.

- SEKURITEIT:

Instalasie van lemmetjiesdraad en sekuriteitsheinings.

**Ons bied u**:

Persoonlike toesig te alle tye. Vyftien jaar ondervinding. Betroubare verwysings van werk deur ons verrig. Profesionele werkmanskap en diens van höe gehalte. Gratis kwotasie sonder enige verpligting. Sewe jaar waarborg op vakmanskap en produkte.

**Vir meer inligting skakel:**

**Johan van Rensburg: 082 580 1611 of Arrie Putter: 083 262 0187/ 012 329-0471**

Ons is bekend vir eerlikheid, betroubaarheid en tevredenheid.